



2de Kwartaal 2019
www.ldu.co.za



UYSBROKKIE

Uit die kantoor

Geagte ouers

Confucius het gesê: " Weet wat jy weet, en weet dat jy nie weet wat jy nie weet nie – dit is die kenmerk van iemand wat weet ".

Dit is seker die kern van die inligting eeu waarin ons leef. Geseënd is die wat die kennis het en wel weet.

Ons leerders het soos gebruiklik weer op verskeie terreine geprester, lees gerus in die uitgawe, en baie dankie aan een en elk wat bygedrae het tot hierdie suksesse.

Winter skooldrag:

Ons wil u net weer herinner dat leerders winter skoolklere moet dra totdat daar amptelik aangekondig word wanneer daar oorgeskakel sal word.

Ouer kommunikasie:

Ariel Durant sê: "Om van ander sleg te praat is 'n oneerlike manier om jouself te prys".

Wat meer kan mens in die verband sê, behalwe dat u asb. die regte kommunikasiekanale wat bestaan moet gebruik wanneer u probleme ondervind.

Dalk ook net :” Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig .” Kolossense 4:6

Datums:

In die eerste week van die derde kwartaal sal u ook die kwartaal datums en beplanning ontvang sodra alle datums bevestig is.

D'uysgenoot:

Die “**D'uysgenoot**” verskyn ook weer waarin nog meer volledige verslag van die kwartaal, in beeld en skrif, te lees is.

Presteerders:

Baie geluk aan al die presteerders in Akademie, Sport en Kultuur van hierdie kwartaal ons is trots op julle prestasies.

Geniet die winter vakansie !

FJ Smit
SKOOLHOOF



www.ldu.co.za

Graad R

Baie dankie aan al die ouers wat ons Gr.R maatjies so mooi laat lyk het by die konsert. Spesiale dank aan Carlo de Lange vir die maak van die kostuums. Dankie aan elke ouer se bydrae vir die ons koekieverkopings, dit is 'n groot sukses!



Skryfbehoeftes

'n Versoek word aan ons senior leerders gerig om skryfbehoeftes skool toe te bring, bv. Skêr, gom, liniaal, ens.

Skoolfonds 2019

Baie dankie aan elke ouer wat gereeld sy/haar kind se skoolgeld betaal.

Die skoolgeld vir 2019 is R980.00 p/md (R9800 vir die jaar – Januarie tot Oktober).

Vir direkte inbetalings is die bankbesonderhede soos volg:

ABSA

Moorreesburg

LAERSKOOL DIRKIE UYS

106 049 0003

Verwysing: U rekening nommer / u kind se naam en van



Welpiedag

Baie dankie aan al die voornemende Gr. R leerders wat by ons pragtige klasse kom kuier het. Ons weet julle sien al klaar uit na die volgende Welpiedag.



Graad 1

Ons wil net baie dankie sê aan al die
Mammas wat gehelp het om die
wolwe en bokkies te grimeer. Hulle
het so oulik gelyk!

Baie dankie

Graad 4

Baie dankie aan Mammas en Juf. Lottie wat gehelp het met die grimering en aantrek tydens die konsert. 'n Spesiale dank aan Adri Rust vir die ure se harde werk en afrigting van die Gr.4's.



Hokkie

Dinsdag 16 Julie word daar 'n hokkie kliniek aangebied vanaf

Gr R tot Gr 7. Die koste is R100.00 per kind.

Plek: Gene Louw

Tyd: 15:00 - 17:00

Ons hoop om almal daar te sien!

Baie dankie aan al die hokkiespelers wat so getrou kom oefen! Ons benodig nog hokkiespelers! Oefening is elke Maandag en Woensdag 14:45 tot 15:45.

Baie dankie

MUSIEK LESSE IN MOORREESBURG

Almal Welkom!

Ouderdom vanaf 6 - 106

Kitaar, Bas & Ukulele

R100 vir 45min / R70 vir 30min

Klavier & Tromme

R100 vir 30min

Bel / Whatsapp
Alicia: 0844078382
Elzaan: 0844078480



Netbal



Baie geluk aan ons speelsters wat so goed
in die proewe gedoen het.

Weskus: 0.11 Michran Braaf

0.12 Zaida Amerika, Milla van Dyk en Luzay Smit

0.13 Ashlin Crozier en Surita Weideman

Sterkte vir die Interdistrik Toernooi in Wellington.

Weskus 0.13: Jay-Lynn Izaks

Sterkte vir die All Ages Toernooi in Boksburg!

Ons is baie trots op die netbaldogters!

Baie dankie

Baie dankie aan die OOV vir al hul harde werk!

Ons waardeer dit baie!

Konsert

Baie dankie vir almal wat 'n aandeel in ons konsert gehad het! Ons waardeer elke liewe bydrae en hulp. Ons sal dit verseker nie sonder ons ouers se bydraes en hulp kan doen nie.

Baie dankie aan Michael Gilmann vir die klank en sy hulp!

Baie dankie aan Colette Maritz van CM Funtions vir die borg en drapering van die wit en swart lappe as ook "fairylights"! Ons waardeer dit baie!



BORGE

'n Spesiale woord van dank aan al ons borge vir die 2de kwartaal van 2019! Dit word opreg waardeer!

Bemarkingskomitee Laerskool Dirkie Uys

Geniet die vakansie